



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GEOGRAFIE V1**

**2015**

**PUNTE: 225**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n bylae van 10 bladsye.**

## **INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit vier vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Nommer die antwoorde in die MIDDEL van die reël.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme, waar moontlik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

**VRAAG 1**

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat 'n stadium in die ontwikkeling van 'n middelbreedte-sikloon aantoon. Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 'n Middelbreedte-sikloon staan ook as 'n (kuslaagdruk/ekstratropiese sikloon) bekend.

1.1.2 Die middelbreedte-sikloon in FIGUUR 1.1 ontwikkel in die (Suidelike/ Noordelike) Halfrond.

1.1.3 'n Middelbreedte-sikloon is 'n (hoog/laag)-drukstelsel.

1.1.4 Die stadium van ontwikkeling wat in FIGUUR 1.1 voorgestel word, is die (golf-/volwasse) stadium.

1.1.5 'n Middelbreedte-sikloon beweeg in 'n (oostelike/westelike) rigting.

1.1.6 In die (somer/winter) het 'n middelbreedte-sikloon 'n groter invloed in Suid-Afrika.

1.1.7 Lyn **A** is die (40°/60°)-breedtegraad. (7 x 1) (7)

- 1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die geomorfologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die verlenging van die stroom by sy oorsprong as gevolg van die erosie van die waterskeiding	A	watertafel
		B	dendrities
1.2.2	Rivier in 'n nat klimaat waar die reënval die verdampingstempo oorskry	C	dreineerpatroon
		D	terugwaartse erosie
1.2.3	'n Snit van 'n rivier wat reghoekig met die rivier oor die vallei geteken is	E	dwarsprofiel
1.2.4	Die dreineerpatroon wat deur plooiberge gevorm word	F	tralie
		G	episodiese rivier
1.2.5	Kom voor wanneer die posisie van 'n waterskeiding verander as gevolg van 'n meer energieke stroom wat parallel langs 'n minder energieke stroom vloei	H	abstraksie
		I	permanente rivier
1.2.6	'n Dreineerpatroon wat met 'n eenvormige onderliggende rotsstruktuur geassosieer word		
1.2.7	Die boonste vlak van die versadigingsone in die onderliggende rotsstruktuur		
1.2.8	Die rangskikking van strome en riviere in 'n dreineerbekken		

(8 x 1) (8)

- 1.3 Bestudeer die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 1.3 om die vrae hieronder te beantwoord.

- 1.3.1 Identifiseer hoogdrukse **A**. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Identifiseer front **B**. (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Gee die lugdruk by **A**. (1 x 1) (1)
- 1.3.4 Watter bewys in gebied **C** toon dat sterk winde ervaar word? (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Gee 'n rede vir die wolkbedekking oos van die hittelaagdruk. (1 x 2) (2)
- 1.3.6 Behalwe vir die datum, watter bewyse dui daarop dat dit 'n somer sinoptiese weerkaart is? (1 x 2) (2)
- 1.3.7 Met verwysing na die Suid-Indiese (Mauritius) Hoogdruk wat oos van Durban voorkom, verduidelik die weerstoestand wat in Durban ervaar word. (3 x 2) (6)

- 1.4 FIGURE 1.4 toon die ontwikkeling van 'n bewegende versteuring wat as 'n lyndonderstorm bekend staan.
- 1.4.1 Noem die seisoen waartydens lyndonderstorms voorkom. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Noem die TWEE hoogdrukstelsels wat vir die ontwikkeling van lyndonderstorms verantwoordelik is. (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Noem TWEE weerstoestande wat met lyndonderstorms geassosieer word. (2 x 1) (2)
- 1.4.4 Gee 'n rede vir die verskuiwing van die Kalahari-hoogdrukssel tydens 'n lyndonderstorm. (1 x 2) (2)
- 1.4.5 Evalueer die impak van lyndonderstorms op boere in die binneland van Suid-Afrika in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls. (4 x 2) (8)
- 1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 wat geërfde dreinerings (A) en antesedente dreinerings (B) toon.
- 1.5.1 Onderskei tussen *geërfde dreinerings* en *antesedente dreinerings*. (2 x 1) (2)
- 1.5.2 Gee EEN rede waarom geërfde dreinerings nie van loop verander nie. (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Noem EEN unieke kenmerk wat met die vloiepatrone van geërfde en antesedente dreinerings geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 1.5.4 Identifiseer die tektoniese krag wat met die opheffing van die oppervlak in diagram B geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Gee die verhouding tussen die tempo van inkerwing en tektoniese opheffing in antesedente dreinerings. (1 x 2) (2)
- 1.5.6 Verduidelik waarom die geïllustreerde landskappe nie vir menslike bewoning geskik is nie. (2 x 2) (4)
- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat 'n vereenvoudigde skets van stroomrooie naby die Pungweravyn in Mpumalanga toon.
- 1.6.1 Pas die volgende stroomrooiverskynsels by letters A, B, C of D:
- (a) Verarmde/Beroofde stroom (1 x 1) (1)
- (b) Windsaal (1 x 1) (1)
- (c) Roofelmbog (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Noem EEN kenmerk van die verarmde/beroofde stroom. (1 x 1) (1)
- 1.6.3 Verduidelik hoe stroomrooie tot die verjonging van die Pungwerivier gelei het. (2 x 2) (4)
- 1.6.4 Beskryf in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls die negatiewe impak van stroomrooie op mense wat langs die oewers van die Nyakupingrivier woon. (4 x 2) (8)

**[75]**

**VRAAG 2**

- 2.1 Dui aan of elk van die stellings hieronder na 'n HOOGDRUKSEL of 'n LAAGDRUKSEL verwys.
- 2.1.1 Die lugdruk verhoog uitwaarts.
- 2.1.2 Winde konvergeer na binne-in die lugdruksel.
- 2.1.3 Die lugsirkulasie is kloksgewys in die Noordelike Halfrond.
- 2.1.4 Hierdie lugdruksel staan ook as 'n antisikloon bekend.
- 2.1.5 Hierdie lugdruksel word met dalende lug geassosieer.
- 2.1.6 Hierdie lugdruksel word met 'n dun lagie lug waarin temperatuur met hoogte toeneem, geassosieer.
- 2.1.7 Winde divergeer uit hierdie lugdruksel uit.
- 2.1.8 Hierdie lugdruksel word met stabiele weerstoestande geassosieer. (8 x 1) (8)
- 2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat 'n rivierprofiel van 'n Suid-Afrikaans rivier van sy oorsprong tot sy monding illustreer. Verskeie basisvlakke van erosie word in die rivierprofiel aandui.
- 2.2.1 Identifiseer die tipe rivierprofiel in die diagram.
- 2.2.2 Toon die rivierprofiel 'n GEGRADDEERDE profiel of 'n ONGEGRADDEERDE profiel?
- 2.2.3 In watter loop van die rivier het die waterval ontwikkel?
- 2.2.4 Sal verjonging stroomop of stroomaf van die knakpunt plaasvind?
- 2.2.5 Noem die permanente erosiebasisvlak wat in FIGUUR 2.2 sigbaar is.
- 2.2.6 Noem 'n tydelike erosiebasisvlak wat in FIGUUR 2.2 sigbaar is.
- 2.2.7 Sal die waterval STROOMOP of STROOMAF beweeg? (7 x 1) (7)
- 2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 wat die baan van 'n tropiese sikloon in die Mosambiekkanaal toon.
- 2.3.1 In watter algemene rigting beweeg tropiese siklone? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Die Coriolis-krag is amper nul tussen 0° en 5° suid en noord van die ewenaar. Hoe sal dit die punt van oorsprong van 'n tropiese sikloon beïnvloed? (1 x 2) (2)

- 2.3.3 Gee die duur van die tropiese sikloon IN figuur 2.3 in dae. (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Gebruik die skaal wat voorsien is en bepaal die geraamde afstand van hierdie sikloon se pad tussen 20 Januarie en 31 Januarie. (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Waarom volg tropiese siklone 'n onreëlmatige/wisselvallige pad? (2 x 2) (4)
- 2.3.6 'n Skip by **A** is in die gevaarlike semisirkel van die tropiese sikloon vasgevang. Voorspel die gevolge vir dié skip wat vasgevang is ten opsigte van die veilige lewering van sy vrag in die Durban-hawe. (2 x 2) (4)
- 2.4 FIGUUR 2.4 illustreer valleiklimat.
- 2.4.1 Identifiseer wind **A**. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Verduidelik waarom hierdie wind snags voorkom. (2 x 2) (4)
- 2.4.3 Gee EEN rede waarom die warm luglaag by **B** halfpad teen die helling op geleë is. (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Verduidelik die impak van die warm luglaag by **B** op menslike aktiwiteite in die vallei in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls. (4 x 2) (8)
- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat verskynsels van rivierverjonging toon.
- 2.5.1 Definieer die term *rivierverjonging*. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Identifiseer die verskynsels van rivierverjonging in diagram **A** en diagram **B**. (2 x 1) (2)
- 2.5.3 Waarop dui 'n knakpunt in die loop van 'n verjongde rivier? (1 x 2) (2)
- 2.5.4 Noem die impak van rivierverjonging op die dwarsprofiel van 'n rivier. (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Verduidelik waarom 'n ravyn ontwikkel waar 'n rivier verjong is. (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Verduidelik waarom verjongde riviere toeriste lok. (2 x 2) (4)
- 2.6 FIGUUR 2.6 is 'n foto wat besoedeling langs 'n gedeelte van die Umgenirivier toon.
- 2.6.1 Watter bewyse dui daarop dat besoedeling langs hierdie gedeelte van die rivier voorkom? (3 x 1) (3)
- 2.6.2 Bespreek die impak van besoedelde water op die bestaan van mense wat op die oewers van die Umgenirivier woon. (2 x 2) (4)
- 2.6.3 Stel strategieë voor (in ongeveer AGT reëls) wat ingestel kan word om besoedeling langs die Umgenirivier te verminder. (4 x 2) (8)

**[75]**

**AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN  
SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE**

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

**VRAAG 3**

- 3.1 Verwys na FIGUUR 3.1. Dui aan of elk van die volgende stellings na NEDERSETTINGSTIPE **A** of NEDERSETTINGSTIPE **B** verwys.
- 3.1.1 Hierdie nedersetting is 'n droëpuntnedersetting.
  - 3.1.2 Die moontlikheid van oorstromings is 'n gevaar vir hierdie nedersetting.
  - 3.1.3 Hierdie nedersetting is op hoogliggende grond geleë.
  - 3.1.4 Hierdie nedersetting het 'n verspreide patroon.
  - 3.1.5 Hierdie nedersetting is op die vloedvlakte geleë.
  - 3.1.6 Hierdie nedersetting het rofweg 'n lineêre patroon.
  - 3.1.7 Hierdie nedersetting leen hom tot grootskaalse boerdery.
  - 3.1.8 Hierdie nedersetting is 'n kernnedersetting. (8 x 1) (8)
- 3.2 Lees die volgende stellings en kies die geskikte woord(e) tussen hakies om die sin WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer (3.2.1–3.2.7) en die antwoord neer.
- 3.2.1 Die waarde van alle goedere, produkte of dienste wat vir 'n tydperk van 'n jaar binne die landsgrense vervaardig word, staan as die (bruto binnelandse produk/bruto nasionale produk) bekend.
  - 3.2.2 Landbou is 'n baie belangrike verskaffer van grondstowwe aan die (sekondêre/tersiêre) ekonomiese sektor.
  - 3.2.3 'n Beplande strategie om nywerhede weg van oorgekonsentreerde gebiede te verskuif, staan as (dekonsentrasie/desentralisasie) bekend.
  - 3.2.4 Die versigtige gebruik van hulpbronne om sosiale en ekonomiese ontwikkeling vir toekomstige geslagte in stand te hou, staan as (volhoubare ontwikkeling/heropbou en ontwikkeling) bekend.
  - 3.2.5 'n Ruimtelike gebied wat geïdentifiseer is om nywerheidsontwikkeling en verwante ekonomiese aktiwiteite net buite die kernpunt te lok, word 'n (vragverbrekkings/groei)-punt genoem.



- 3.2.6 Die finansiële ondersteuning wat deur die regering verskaf word om produksiekoste in die sekondêre sektor te verlaag, word (subsidiës/tariewe) genoem.
- 3.2.7 (Invoere/Uitvoere) is goedere wat in 'n land ingebring word. (7 x 1) (7)
- 3.3 Verwys na FIGUUR 3.3 wat 'n landelike nedersettingspatroon toon.
- 3.3.1 Identifiseer die landelike nedersettingspatroon in FIGUUR 3.3. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 3.3.1. (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Identifiseer die primêre ekonomiese aktiwiteit waarby die meeste mense wat in hierdie nedersetting woon, betrokke sal wees. (1 x 1) (1)
- 3.3.4 Noem TWEE moontlike standplaasfaktore wat mense beïnvloed het om in hierdie nedersetting te woon. (2 x 2) (4)
- 3.3.5 Swak boerderymetodes het tot laer opbrengste in die geïllustreerde landskap gelei.
- Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy die impak van swak boerderymetodes op die ekonomie en landelike ontvolking ontleed. (4 x 2) (8)
- 3.4 Bestudeer FIGUUR 3.4 wat grondgebruik in 'n Suid-Afrikaanse stad aantoon en beantwoord dan die vrae.
- 3.4.1 Benoem grondgebruiksone **A**. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 3.4.1. (2 x 1) (2)
- 3.4.3 Gee 'n gepaste term om gebied **B** mee te beskryf. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Gee TWEE kenmerke van die grondgebruiksone wat in VRAAG 3.4.3 genoem is. (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Waarom is die grondgebruiksone in gebied **B** geneig om onwettige immigrante na die stad te lok? (2 x 2) (4)
- 3.4.6 Verduidelik die moontlike hoë grondwaardes in gebied **B**. (1 x 2) (2)

- 3.5 Lees in FIGUUR 3.5 die uittreksel uit 'n artikel wat op voedselonsekerheid gebaseer is.
- 3.5.1 Definieer die term *voedselonsekerheid*. (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Noem TWEE groepe mense wat, volgens die artikel, die kwesbaarste vir voedselonsekerheid in landelike gebiede is. (2 x 1) (2)
- 3.5.3 Noem EEN fisiese faktor wat tot voedselonsekerheid bydra. (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Noem EEN sosio-ekonomiese faktor wat tot voedselonsekerheid bydra. (1 x 2) (2)
- 3.5.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy maatreëls voorstel wat ingestel kan word om Suid-Afrika se voedselonsekerheid te verseker. (4 x 2) (8)
- 3.6 Bestudeer die kaart in FIGUUR 3.6 wat 'n kernnywerheidstreek in Suid-Afrika aantoon. Beantwoord die vrae wat volg.
- 3.6.1 Benoem die nywerheidstreek wat in FIGUUR 3.6 getoon word. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Noem TWEE belangrike nywerheidsaktiwiteite wat in hierdie streek domineer. (2 x 1) (2)
- 3.6.3 Lewer kommentaar op die tipes grondstowwe wat beskikbaar is om die nywerheidsaktiwiteite in VRAAG 3.6.2 te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.6.4 Hoe pak hierdie streek sy water nood-probleem aan? (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Ontleed hierdie streek se toeganklikheid vir internasionale markte in vergelyking met ander nywerheidstreke in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)
- [75]**

**VRAAG 4**

- 4.1 Kies 'n begrip uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld, 4.1.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	'n Stelsel waarvolgens stedelike gebiede volgens grootte en funksies rangskik word	A	stedelike morfologie
		B	stedelike uitspreiding
4.1.2	Beweging van mense van stedelike na landelike gebiede	C	landelik-stedelike oorgangsones
4.1.3	Die sy-aansig van 'n stad	D	stedelike hiërargie
4.1.4	Vormlose uitbreiding van stedelike gebiede in die omliggende landelike gebiede in	E	stedelike profiel
		F	teenverstedeliking
4.1.5	Die veroudering, verval en agteruitgang van geboue in die middestad	G	stedelike verval
		H	landelik-stedelike migrasie
4.1.6	Die buitelynvorm van 'n stedelike gebied		
4.1.7	Die sone aan die buitewyke van 'n stad waar stedelike en landelike funksies met mekaar vermeng		

(7 x 1)

(7)

- 4.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.2.9 A.

- 4.2.1 Hoë-orde-funksies en diensnywerhede is 'n voorbeeld van die ... ekonomiese sektor.

- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D kwaternêre

- 4.2.2 Die bydrae van die landbousektor se bydrae tot die BBP (bruto binnelandse produk) het afgeneem as gevolg van ...

- A die lae produksiekoste van landbougewasse.
- B 'n toename in die uitsette van sekondêre en tersiêre aktiwiteite.
- C meganisasie wat die aantal plaaswerkers verminder.
- D verbeterde klimaatstoestande.

- 4.2.3 Die plaaslike mark waar produkte in Suid-Afrika vervaardig en verkoop word:
- A Tuismark
  - B Invoermark
  - C Internasionale mark
  - D Uitvoermark
- 4.2.4 'n Voorbeeld van 'n toegevoegdewaarde-produk:
- A Mielies
  - B Sojabone
  - C Gedroogde vrugte
  - D Sonneblomsaad
- 4.2.5 Wisselende mineraalpryse in Suid-Afrika word deur ... veroorsaak.
- A buitelandse wisselkoerse
  - B verbeterde infrastruktuur
  - C beperkte beskikbaarheid van mineraalreserwes
  - D swak werksomstandighede
- 4.2.6 Die vernaamste vervaardigingsnywerheid in die Suidwestelike Kaap:
- A Yster- en staalproduksie
  - B Inmaak van vis
  - C Motorvoertuigmontering
  - D Suikerraffinering
- 4.2.7 'n Nywerheid wat enige plek gevestig kan word, staan as 'n ... nywerheid bekend.
- A vragverbrekingpunt-
  - B grondstofgeoriënteerde
  - C brug-
  - D alomteenwoordige
- 4.2.8 Die enigste nywerheidstreek in Suid-Afrika wat in die binneland geleë is:
- A Suidwestelike Kaap
  - B PWV/Gauteng
  - C Port-Elizabeth-Uitenhage
  - D Durban-Pinetown
- (8 x 1) (8)
- 4.3 Die drempelbevolking wat vir 'n diens benodig word, word deur die orde van die diens bepaal.
- 4.3.1 Definieer die begrip *drempelbevolking*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Noem die verskil tussen *reikwydte* en *invloedsfeer*. (2 x 1) (2)

- 4.3.3 Die inkopiepatrone van mense word bepaal deur die orde van die diens wat hulle benodig.
- (a) Gee 'n voorbeeld van 'n hoë-orde-diens. (1 x 1) (1)
- (b) Waarom, dink jy, is mense bereid om groter afstande te reis vir die hoë-orde-diens in VRAAG 4.3.3(a)? (1 x 2) (2)
- (c) Waarom sal 'n hoë-orde-diens 'n groot drempelbevolking benodig? (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Die ontwikkeling van 'n streekswinkelsentrum aan die buitewyke van die stad sal die invloedseer van die stad verander.
- Beskryf hierdie verandering en verduidelik die moontlike ekonomiese voordele vir die stad in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls. (4 x 2) (8)
- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4 wat globale verstedelikingstendense aantoon.
- 4.4.1 Definieer die begrip *verstedeliking*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 In watter jaar het die globale stedelike bevolkingsyfer die globale landelike bevolkingsyfer verbygesteek? (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Gee TWEE trekfaktore vir die geprojekteerde toename in die stedelike bevolking. (2 x 1) (2)
- 4.4.4 Die grafiek toon dat die landelike bevolking afneem.
- Verduidelik hierdie neiging deur na natuurlike bevolkingsgroefaktore te verwys. (2 x 2) (4)
- 4.4.5 Bespreek die impak van landelik-stedelike migrasie op die uitbreiding van informele nedersettings in stede. (3 x 2) (6)
- 4.5 Bestudeer die tabel in FIGUUR 4.5 wat seisoenale verkope van minerale in Suid-Afrika toon.
- 4.5.1 Watter mineraal toon die laagste seisoenale verkope van Julie tot September 2014? (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Watter mineraal toon die laagste seisoenale verkope van Oktober tot Desember 2014? (1 x 1) (1)
- 4.5.3 Meer steenkool is van Oktober tot Desember 2014 verkoop as van Julie tot September 2014. Gee TWEE moontlike redes vir hierdie tendens. (2 x 2) (4)

4.5.4	Bespreek TWEE faktore wat die mynboubedryf in Suid-Afrika bevoordeel.	(2 x 2)	(4)
4.5.5	Bespreek die belangrikheid van die mynboubedryf vir ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika.	(2 x 2)	(4)
4.6	Bestudeer FIGUUR 4.6 wat indiensneming in die formele en informele sektore toon.		
4.6.1	Beskryf die tendense wat jy onderskeidelik in die formele en informele sektore van indiensneming tussen 2004 en 2012 opmerk.	(2 x 1)	(2)
4.6.2	Waarom is die ekonomiese bydrae van die informele sektor nie by die BBP ingesluit nie.	(1 x 2)	(2)
4.6.3	Verduidelik hoe plaaslike munisipaliteite informele handelaars kan ondersteun om hulle werksomstandighede te verbeter.	(2 x 2)	(4)
4.6.4	Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls hoe informele handel die formele sektor van Suid-Afrika se ekonomie beïnvloed.	(4 x 2)	(8)
			<b>[75]</b>
		<b>GROOTTOTAAL:</b>	<b>225</b>